House of Cards
The Queen

Januarie
23-27

Maandag
23 Januarie
Who's the Boss?

1 Korintiërs 11:3

"Ek wil dus he dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en 'n man die hoof van sy vrou, en God die hoof van Christus"

Ons het gister by Revo gechat oor hoe elkeen van ons moet weet dat ons moet *submit* onder God se outoriteit - dat ons ons eie wil moet opoffer sodat God se plan vir ons lewe kan oorneem.
Dit is 'n baie moeilike ding om te doen, maar as ons na hierdie versie kyk dan sien ons dat God die HOOF is van selfs Christus. Met dit in gedagte sal ons elkeen verseker baie makliker submit. Ons moet begin om God te vrees vir wie Hy is.
God is die ou wat in beheer is van alles en almal. Ons moet Hom eer in hierdie posisie en seker maak ons verstaan ons plek. Ons is nie God nie – God is God. As jy dit kan besef dan sal jy makliker verstaan hoekom jy moet *submit.*
Dink vandag hieroor:
Is jy in beheer van jou lewe of gee jy vir God die reg om in beheer te wees?

Gebed:
Here, baie dankie dat ek kan besef om oor te gee vir U is eintlik een van die beste goed wat ek kan doen. Dankie dat U bereid is om my te dra en te help om hierdie 'n aktiewe leefstyl te maak. Amen

Hoe lyk die week?

Maandag
Who's the boss?
Dinsdag
So wie is nou reg?
Woensdag
Mamma Maggie
Donderdag
Ooreenkoms
Vrydag
Oorgee

Dinsdag
24 Januarie
So wie is nou reg?

1 Kor 11:11-12
"Tog het die Here bepaal dat die vrou nie sonder die man sal bestaan nie, en die man nie sonder die vrou nie, want soos die vrou uit die man geneem is, so kom die man deur die vrou in die wêreld. Maar alles is uit God."

In baie plekke is dit nog 'n rou ding wanneer 'n vrou in 'n leierskapsposisie staan. Veral as die mense wat onder haar werk 'n klomp mans is. Die rede hiervoor is omdat baie mans nie verstaan hoe 'n vrou die leier van hulle kan wees nie. Hoekom sal Paulus dan nou hierdie stelling maak, maar net bietjie later in die bybel sê hy dat 'n man en 'n vrou voor God gelyk is en dus een voor Christus is?

Almal het 'n plek gekry op hierdie aarde waar hulle inpas. Dit is deel van die *amazing creation* wat God *create* het. Hy het bestem dat 'n man die leier van sy huis moet wees en die vrou moet die ondersteunende rol inneem.

Beteken dit nou dat die een belangriker is as die ander een? Glad nie. Altwee is vir God ewe belangrik. Dit is nie veronderstel om 'n kompetisie te wees nie. Dit is nie veronderstel om 'n ding te word waar jy nou tussen jou vriende en vriendinne kyk wie die sterkste is en wie die meeste mense kan kry om onder hom/haar te *submit* nie. Dit is 'n *opportunity* vir jou en my om te besef dat ons die mense rondom ons dieselfde moet hanteer soos wat ons hanteer wil word.

Dink vandag hieroor:

Hanteer jy jou medemens soos jou gelyke? God verwag dit van jou!

Gebed:

Here, help my om met almal rondom my in liefde te kan saam leef. Help my om vir hulle hoop te gee. Amen.

Woensdag
25 Januarie
Mamma Maggie se storie

Hierdie is seker een van die *amazingste* stories wat ek al ooit gehoor het. Ek het dit laasjaar vir die eerste keer gehoor.
Daar is ‘n vrou en haar naam is Maggie. Sy bly vandag nog in Egipte waar sy ‘n baie groot verskil maak. Maar voordat sy begin het om ‘n verskil te maak het haar lewe eers geluk gevind op ‘n ander plek.
Sy het alles gehad wat sou moontlik aan gedink het en sy was skatryk. Een van die rykste vrouens in die wêreld.

Sy was ‘n gelowige nes ek en jy en sy het gebid en bybel gelees. Tot op ‘n dag wat God vir haar gesê het dat sy deur die strate van Egipte moes gaan loop. Baie gehoorsaam het sy gegaan en hoe verder sy geloop het, hoe erger het die omgewing begin lyk. Vuil, donker en verlate. Sy het geloop tot op ‘n plek waar sy nie meer kon loop nie.
Dit was nie omdat sy moeg was dat sy ophou loop het nie, maar omdat sy op ‘n hengse klomp rommel gestaan het. Die rommel was iemand se huis. Die iemand was ‘n klomp klein kinders. Hulle het daar gebly en geleef van wat hulle kon kry.
Net daar het God vir haar gesê dat sy alles wat sy het moet verkoop en in hierdie kinders se lewens moet begin inbou. Sy was gehoorsaam. Vandag nog het sy niks. God voorsien elke dag en sy is ‘n baie gelukkige mens.
Hoekom die storie? Sy is ‘n vrou wie God gekies het om ‘n leier te word van iets groot. Sy het *submit* en gesê sy sal dit doen. So moet ek en jy ook kan *submit* en bereid wees om te doen wat God vra.

Dink vandag hieroor:
Is jy gehoorsaam as God met jou praat?

Gebed:
Here, help my om te luister wanneer U praat. Help my dan ook om te doen soos U vra. Amen

Donderdag
26 Januarie
My Eer

As jy reg is om jouself te *commit* aan God en om te *submit* onder Hom vul hierdie ooreenkoms in en onthou dit vir altyd!

Ek, wil met alles in my *commit* om te *submit* onder God.
Ek wil my beste gee en sal ook my beste gee om in Sy wil te bly vir my lewe.
Wanneer daar moeilike tye of versoekings kom sal ek als in my vermoë doen om sterk te staan omdat ek weet dat God by my is.
Ek sal streef na ‘n heilige lewe soos Jesus.

_____ Handtekening _____-_ Datum

Gebed:

Here, ek het hierdie ooreenkoms onderteken in U teenwoordigheid. Help my om daarby te hou. Waneer ek in moeilike situasies kom wil ek U vra om my deursettingsvermoë te gee en help my om op te staan vir dat wat ek in glo. Dankie dat U elke tree van hierdie *journey* saam met my sal stap. Amen

Reminder:

Ons het 11 Februarie ‘n uitreik na Life Community Services waar ons vir die kids almal kaan tasse en skryfbehoeftes gee. Kom join ons!!

Vrydag
27 Januarie
Oorgee deur Elzabe Young Heyns

Die term van oorgee val swaar op my hart
om totaal los te raak,
gestroop te staan om vry te voel
en aan te gaan

alles wat woed en pla,
wat lei tot smart agter te los,
sonder my in beheer

Die idee klink oorweldiggend,
waar begin ek om minder te word,
weer innerlik te sterf
te fokus op die vreugde wat die verligting wek
die waardering waarmee klein dingetjies my bederf?

Dit begin by die besef hoe klein ek is
Om opnuut op te kyk na God daar bo
weer gevul te word met die absolute sekerheid
Hy kan alles hanteer,
ek moet dit net glo dan sal Hy my seen
met hemelse rustigheid
want Hy dra die laste wat ek nie kan